

Simson se hare groei weer

Uittreksel van Pastoor Nesor se preek: B107b

Skriflesing: Rigters 16:1-31

Kernvers : 22 – ‘Maar die hare van sy hoof het weer begin groei sodra dit afgeskeer was’.

Dit is moeilik om in ’n tyd soos hierdie ’n boodskapper van God te wees. As ’n mens kyk na die profete van die Here, dan sien jy hoedat hulle ook nie baie gewild was nie....daar was moeilike tye vir die volk van God a.g.v. hulle sondes, maar God was altyd daar om hulle genadig te wees wanneer Hy gesien het dat dit met hul vashouplek gedaan was en so het Hy dan ook die Rigters gestuur.....en Simson was een van hulle!

God bring altyd ’n relevante boodskap vir die tyd waarin dit gebring word. ’n Eerlike boodskap in ’n tyd van nood. Daar is baie dinge waaroor ’n mens kan praat: Die ekonomie, die geweld, oorloë, die geestelike en morele verval, alles aktuele omstandighede en ’n mens kan ’n baie swartgallige prent skilder oor al hierdie werklikhede. Dank God daar is altyd ’n boodskap van hoop! ’n heerlike hoop in Jesus!

In hierdie verhaal van Simson is ’n baie groot les vir ons in die tye waarin ons leef veral! Ons het ’n ingryping van God so nodig – die hele Christen-wêreld word bedreig. Sonder dat hulle dit besef of wil aanvaar, is die heidendom se voortbestaan ook afhanklik van Israel. God se Raadsplan is ons heil – die heil van die ganse mensdom.

Simson was geroep en moes ‘n Nasareër wees – afgesonderd om vir God ’n instrument te wees en hy het wel ’n groot deel van sy roeping vervul in Israel. Totdat hy in die strik van Satan getrap het....hy was gestroop van al sy krag en sy eer en sy oë! Hy het sy Nasareërskap verloor, en die tragiese gevolge daarvan ken ons.

Maar sy hare het weer gegroei....